# KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 239
13 Junie 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel:** **Perspektiewe**

**Berigte:** **Pride maand**

**Bondsdamesbyeenkoms**

**Bondskwilt**

**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

### Perspektiewe

Maandag vier twee diverse groepe op dieselfde dag twee uiteenlopende geleenthede. Aan die een kant is dit Jeugdag: Die amptelike viering van die opstande wat in Soweto tot tragiese bloedvergieting gelei het. Aan die ander kant vier Afrikaners die dag as Konsentrasiekampdag. Een dag, altwee gebeurtenisse in die verlede. Die effekte en nagevolge van hierdie dag in die verlede word uiteenlopend benader. Daar is verskillende faktore wat gaan medebepaal wat op hierdie dag herdenk word.

Jeugdag verwys na die Soweto opstand in 1976 waartydens ‘n kind – Hector Pieterson, 12 jaar oud - deur die polisie doodgeskiet is. Die meerderheid deelnemers aan die opstande was skoliere en studente. Die gegewe rede vir die opstand was die vak-verpligting ten opsigte van Afrikaans. Nege en veertig jaar gelede. Iewers tussen 23 (volgens rekords) en 200 (volgens sommige spekulasies) mense het in die opstand gesterf.

Die Verskroeide aarde beleid deur lord Roberts het op 16 Junie 1900 per proklamasie (Proclamation 5) tydens die tweede Anglo-Boere-oorlog ‘n aanvang geneem. Die rede daaragter was dat die Britte nie op militêre vlak enige hond kon haar-af maak nie. Een honderd vyf en twintig jaar gelede. As gevolg van hierdie beleid het 48 000 mense gesterf, waarvan 20 000 kinders was. 30 000 plase is afgebrand.

Hoe gaan jy die dag vier? Daar is meer as die volgende faktore ter sprake, maar hierdie word aangehaal in ‘n soeke na waarheid en balans.

1. **Jou identiteit** gaan beslis ter sprake wees. Ons sou graag wou volstaan met die woord, Afrikaner. Dit is ongelukkig nie voldoende nie, daar is immers ‘n warboel van subkulture binne ons geledere, soortgelyk aan dit wat in die Westerse gemeenskap sigbaar is. Daar was nie eens in die verlede ‘n unieke solidariteit gewees nie. Tydens die oorlog, 125 jaar gelede, was daar onder andere die Stoepsitters, die Hensoppers, die Hanskakies, die Bittereinders, die Rebelle. Net soos in ander kulture, het ons mense wat vurig as “Boer” identifiseer, met as ander einde van die pendulum die Oikofobiese haters van self; eie huis, eie geskiedenis, eie taal en eie kultuur. Waar jy skoolgegaan het, watter kerk jy bygewoon het, wie jou vriende was, jou keuse van literatuur, jou musiek voorkeure, jou gesinsgrootte en vele ander faktore is mede-bepalend ten opsigte van jou self-verstaan, jou identiteit. Uit hierdie web van faktore

kan jy ongeërg voel oor 16 Junie, opstandig wees oor die owerhede se manipulasie van sake, of erkenning gee aan die verlies van soveel van ons eie kinders.

2. **Jou verstaan van geskiedenis**. Diegene wat onder die illusie verkeer dat die geskiedenis as wetenskap besig is om objektief feite weer te gee, leef in 'n gekkeparadys. Geskiedenis is deel van kultuur, deel van elke mens se werklikheidsverstaan. Uit enige gebeurtenis kan sekere feite weggelaat word, vergeet word, oordryf word of in verkeerde konteks aangehaal word. Dit is moontlik om dieselfde insident in emosioneel-gelade terme te beskryf, of as onbetrokke toeskouer belangelose opmerkings te maak. Die Boer en die Brit gaan in enige studie of gesprek oor die oorlog nie dieselfde stel feite voor oë kry nie. Die Soweto inwoner en die ANC kader gaan nie eens dieselfde feite weergee in die viering van "Jeugdag" nie. Die geskiedenis vertel ons dat daar op 16 Junie twee dramatiese gebeurtenisse plaasgevind het, 76 jaar uitmekaar. Die een het vir 2 dae geduur maar het die veranderende politieke landskap se metamorfose versnel. Die ander het op 16 dae na, twee jaar geduur. Dit het die Transvaalse landskap vernietig, die Boerevolk op sy knieë gehad. Uit hierdie laaste opmerkings is dit duidelik dat elke gebeurtenis se nadraai ook in ag geneem moet word. Selfs die nadraai het verskillende perspektiewe, en die historikus se eie belange en ideologie sal sy klem bepaal.

3. **Die invloed van media en propaganda**. Die mens se sentiment en strewe na mag het van media en propaganda bruikbare en magtige wapens gemaak. Die individu se potensiaal om deur die media beïnvloed te word, het te make met opvoeding, keuse, agtergrond, kritiese denkvermoë en vele meer faktore. 16 Junie is 'n goeie bewysgrond vir 'n aanduibare vooroordeel ten koste van die Boer. Daar was kwalik iets in die media oor die gruweldade van die Britte tydens die Anglo-Boere oorlog. Die konsentrasiekampe is weggesteek en die waarheid verswyg. Die media wou die Engelsman beskerm en die fiere Boer onderdruk. Dit is dieselfde Boer wat die teiken geword het van die liberale media tydens die Soweto opstande, die gebeure daarvoor en daarna. Dit is dieselfde Boer wat steeds geteiken word. Diegene wat dit ontken, moet met selfondersoek begin. Die media se aksies rakende klein enklawes soos Kleinfontein en Orania bewys die nydige vooroordeel.

Jy kan kies wat jy toelaat om jou te beïnvloed. Jy kan kies hoe jy 16 Junie gaan vier. Beste wense aan alle volksgenote met die herdenking van Konsentrasiekampdag.

## BERIGTE

### "Pride" maand

In die VSA is dit nou "pride month", in die RSA word hierdie maand in Oktober 'gevier'. Dwarsoor die wêreld wapper daar tans die 'reënboog'-vlag. Hierdie vlag was aanvanklik die homoseksuele gemeenskap se simbool. Met die "trans"-gemeenskap se stu na prominensie het die vlag simbool geword van alle gemeenskappe en persone wat 'n ander verstaan van seksualiteit, seksuele normatiwiteit en selfverstaan het - die sogenaamde

LGBTQIA+ gemeenskap. Die kompleksiteit van die situasie noop ‘n uitvoerige gesprek. Die tyd en ruimte ontbreek om dit te doen.
Dit is tog gerade om oor die trots van hierdie gemeenskap ‘n uitspraak te lewer. Daar is baie teoloë wat selfs die alternatiewe leefstyle en verhoudings tot die huwelik as aanvaarbaar en Bybels-liefdevol sal verklaar. ‘n Eenvoudige lees van die Bybel sal aandui dat die norme van die dag meer gewig by hierdie gewaande teoloë dra, as wat die Woord van God (volgens hulle) gesagvolle uitsprake het. Dit tersyde.
Tradisioneel (aanvanklik Rooms, maar oor die algemeen in gemeenskappe so gesien) is trots (*pride*) een van die sondes wat direk tot die ewige dood lei. Die sewe dodelike sondes is meer as net sondes, hulle word gesien as wortel van die kwaad, die rede vir meer spesifieke sondes, en hulle lei tot geestelike dood. Trots (hubris) spreek van ‘n oordrewe eie-waan, selftrots en minagting van ander mense.
Die maand, die vlag en die optogte ondergrawe die Christelike geloof en die huwelik. Om hierdie beweging te ondersteun, is om jou teenoor die Here en Sy beelddraers te stel..

**BONDSDAMESBYEENKOMS**

Dit wil voorkom asof daar nie hierdie jaar ‘n Bondsdamesbyeenkoms sal wees plaasvind nie. Al is ds. Piet en sy span positief en op ‘n gereedheidsgrondslag, is daar nie genoeg belangstelling aangedui nie. Indien u egter wel belangstel om die dag by te woon, laat weet vir Yvette @ 072 223 7522 en indien daar genoeg belangstelling is, sien ons plan

**BONDSKWILT 2025**

*Hierdie artikel word op versoek weer geplaas. Dit sal goed wees indien alle gemeentes deelneem aan die projek.*
Die 2025 Bondskwilt is gereed. Dit is weer eens ‘n koningingrootte kwilt, elke blok in antieke roomskakerings uitgewerk met gepaardgaande Afrikaanse Bybelverse, voorwaar ‘n erfstuk. Elke gemeente word uitgenooi om deel te wees van die projek deur vyf (of meer per skriftelike versoek) lootjievorms te voltooi (20 lootjies per vorm) om die Teologiese Opleidingsfonds aan te suiwer. Lootjievorms sal binnekort aan u gemeente gestuur word. U word net versoek om u kontakpersoon/ verteenwoordiger se inligting deur te stuur. Geen privaat inbetalings word gemaak nie, alle inbetalings word deur die aangewese gemeente-/ damesverteenwoordiger/ tesourier hanteer. Gelde word dan in Augustusmaand inbetaal sodat die kwilt tydens die Bondsbyeenkoms van September 2025 getrek kan word. Dit gee elke gemeente drie maande om lootjies te verkoop. Ondersteun asseblief hierdie projek.
Dankie aan gemeentes wat reeds deel is. Kontak Yvette per WhatsApp @ 072 223 7522 indien u gemeente ook gaan deel wees.

# KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**


Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke

Reklame-plakkate en ander drukwerk ella@teamworkprinters.com

**ONSKAS**

Ons volks-eie koöperatiewe finansiële instelling het sy naam verander van Oranjekas na **OnsKas**. Gemeentes en lidmate word aangemoedig om **OnsKas** te kontak vir goeie diens deur ons mense in ons taal. Daar is nou debietkaarte ook beskikbaar.









ONSKAS
JOU GROEI. ONS BELOFTE
NCRCP 5204 (Voorheen bekend as Oranjekas)
ONSKAS IS 'N SPAAR EN KREDIET-KOÖPERASIE WAT VERSKEIE DIENSTE AAN SY LEDE BIED.
BELEGGINGSAANDELE NOU BESKIKBAAR.
Privaat bankdienste in Afrikaans.
Markverwante rentekoers op vaste deposito's 6-60 maande.
DIENSTE
Finansiering in Landbou
Motorfinansiering & Solarfinansiering
Persoonlike, Besigheids- en kortermyn lenings.
Sluit aan by OnsKas – waar jou toekoms ons prioriteit is!
Adres: Collinslaan 1241, Möregloed, 0186
Kontak: 012 754 5454 | kontak@oranjekas.co.za
www.oranjekas.co.za


Jou volk, jou versekeringsmakelaar!
By Kasfin is ons toegewyd daaraan om ons kliënte deur die kompleksiteit van die versekeringswêreld te lei, deur kundige advies en persoonlike diens aan te bied.
PRODUKTE
Geboue
Huisinhoud
Kommersiële Versekering
Privaat-en Kommersiële Voertuie
Lewensversekering en Testamente
Kontak ons vandag!
012 754 5454 | jp@kasfin.co.za
KASFIN